

Woensdag 5 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 3:3-13 (sien ook 2 Kronieke 1:7-13)

Fokusgedeelte: 1 Konings 3:7-9

Wysheid kom van God

Salomo bestyg die troon as 'n jong man, in sy eie oë nog 'n seun (vs 7). So bewus van sy onkunde en gebrek aan ervaring! Hy moet oor 'n baie groot volk regeer, só talryk dat hulle nie getel of bereken kan word nie. Israel is op die piek van sy bestaan!

Waarskynlik het Salomo nie gedink dat hy vir Dawid sou opvolg nie – daar was immers ouer broers. Hy was een van die jongste seuns van Dawid. Ons kan die huiwering en onsekerheid in sy gemoed verstaan.

Hy begin sy koningskap deur vir die HERE, wat hy liefgehad het (vs 3) offers te bring, 'n duisend brandoffers! Dan verskyn die HERE aan hom en nooi hom uit om te kies wat hy vir sy koningskap as gawe van die HERE begeer. (Wat sou jou keuse wees as jy in sy skoene was? Rykdom, 'n lang lewe van koning-wees, uitbreiding van jou grondgebied ...) Salomo verkies wysheid! Daarmee saam gee die HERE ook aan hom verstand, rykdom en 'n lang lewe!

Wat is wysheid? Wysheid beteken nie noodwendig dat die houër daarvan 'n vlymskerp verstand het nie. Ons lees in Job 28:28: "... Kyk, die vrees vir die HERE is wysheid, en om van die kwaad af te wyk, is verstand." Vir Salomo gee die HERE beide: wysheid én verstand, meer as enigeen voor of na hom (vs 12)!

Vir ons is dit in Christus 'n heerlike werklikheid: Christus is die wysheid van God (1 Kor. 1:24)! Wie in Hom glo, hét wysheid. Maar ons mag ook wysheid begeer. Vra dit van ons HERE, en Hy gee dit (Jak. 1:5). Wysheid, niks anders nie, laat ons 'n sinvolle lewe leef, laat ons vervul en vergenoeg en tevrede deur ons hele aardse lewe gaan, in voorspoed en teëspoed.

Wysheid laat jou nou oor die duiwel, die wêreld en jou eie sondige natuur heers as koning, en laat jou eenmaal saam met Christus regeer (HK Sondag 12)! Want wie Jesus, die Wysheid van God, het, het die LEWE!

Sing: Psalm 19-1:4

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)